SPESIALE VERGADERING VAN DIE NUWE S.A.S. GEHOU TE BLOEMFONTEIN

OP DINSDAG DIE 23ste APRIL 1940.

----------oOo----------

Die lede van die nuwe kommissie is as volg:-

Ring van	Smithfield	Ds. H.S.M. Botha.
" "	Bloemfontein	Ds. D.G. v.d. Merwe.
" "	Winburg	Ds. B.A. Muller. ..
" "	Ficksburg	Ds. A. Stockenstrom.
" "	Bethlehem	Ds. D.P.M. Olivier.
" "	Harrismith	Ds. N.J. Louw.
" "	Heilbron	Ds. F.J.B. Naude.
" "	Fauresmith	Ds. R.J.N. v. Tonder.
" "	Bulawayo	Ds. J.H. van Wyk.
Sending	sekretaris	Ds. J.G. Strydom.

Afwesig is Ds. Muller en Ds. Louw.

Na die Vergadering met gebed geopen is, word Ds. H.S.M. Botha as Voorsitter en Ds. D.G. v.d. Merwe as ondervoorsitter gekies, en as Uitvoerende Komitee Di. Botha, v.d. Merwe en Strydom

As Werkster vir die Buiteland word Mej. Sara Susanna v.d. Spuy van Ladybrand gekies.

EERW. A. KOHN:- 'n Brief van die Broeder word gelees. Hy vra dat die kommissie hom, as dit enigsins moontlik is, 'n huistoelaag sal gee. Dit word besluit dat aangesien die Fonds so swak staan, aan hom voorlopig die som van £3 per maand as huistoelaag gegee sal word. Aan die hand word gegee dat hy, met die oog op die duur lewe in die stad, sal probeer 'n woning in een van die voorstede kry.

Voor die Vergadering verdaag spreek die Voorsitter 'n woord van welkom uit aan die Broeders, veral diegene wat vir die eerste maal lede van hierdie kommissie is, en spreek ook die hoop uit dat daar lojale en hartelike samewerking sal wees.

----------oOo----------

SPESIALE VERGADERING VAN DIE S.A.S. GEHOU OP 5

APRIL 1940.

Na rype bespreking is die volgende besluit geneem:-

"Daar dit die laaste vergadering van die Kommissie is, word 'n mosie van hartelike dank aan die Voorsitter vir sy geduld en leiding al die jare as Voorsitter van die S.A.S. met aklamasie aangeneem."

----------oOo----------